

Beskrywing van enige getuienis wat nie in papiervorm is nie en saam met die petisie ingedien word

.....  
.....

Totale getal bladsye by hierdie petisieform aangeheg .....

Titel en getal bladsye van aanhangsel by die petisieform

.....  
.....

Aard van bystand deur petitioneris verlang om hierdie petisie in te dien

.....  
.....

**Verklaring van petitioneris**

Deur hierdie petisie te onderteken of 'n merk op hierdie petisie te maak, verklaar die petitioneris dat –

- a. die inhoud van die petisie waar en korrek is; en
- b. die petisie nie 'n aangeleentheid is nie wat –
  - i. verband hou met enige aangeleentheid wat die basis vorm van 'n hangende petisie of 'n petisie wat voorheen behandel is;
  - ii. hangende is voor die hof;
  - iii. ten opsigte waarvan 'n geregshof 'n finale uitspraak gegee of 'n finale beslissing gemaak het; en/of
  - iv. hangende is voor 'n kommissie van ondersoek aangestel ingevolge die Wes-Kaapse Provinsiale Kommissiewet, 1998 (Wet 10 van 1998)

Handtekening of merk van petitioneris

.....

Handtekening van getuies waar petitioneris 'n merk aangebring het

Getuie 1 .....

Getuie 2 .....

Datum .....Plek .....

WES-KAAPSE  
PROVINSIALE PARLEMENT



**Vir meer inligting kontak**

Die Publieke Opvoeding- en Uitreikingsafdeling  
Wes-Kaapse Provinsiale Parlement

**Kontakbesonderhede**

Waalstraat 7, Kaapstad, 8001  
Posbus 648, Kaapstad, 8000

**Telefoon**

+27 21 487 1600

**E-pos**

info@wcpp.gov.za

**Webtuiste**

www.wcpp.gov.za

WES-KAAPSE  
PROVINSIALE PARLEMENT



SÊ JOU SÊ!

HOE OM 'N PETISIE  
IN TE DIEN

## Wat is 'n petisie?

'n Petisie is 'n beroep, 'n formele, versoek, of 'n klagte wat deur 'n petisionaris aan die Petisiekomitee gerig word, en kan:

- a. 'n enkele petisie wees, wat 'n individuele voorlegging is van 'n enkele petisionaris oor 'n bepaalde klagte of versoek;
- b. 'n gesamentlike petisie wees, wat 'n versameling van handtekeninge van 'n aantal petisionarisse oor 'n bepaalde klagte of versoek insluit;
- c. 'n groepspetisie wees, wat bestaan uit individuele of groepinsette van 'n aantal petisionarisse oor 'n soortgelyke of wesenlik soortgelyke versoek; of
- d. 'n verenigingspetisie wees, wat 'n individuele of groepversoek is van 'n vereniging of individu wat deur 'n vereniging gemagtig word, oor 'n bepaalde klagte of versoek van die vereniging.

## Soorte petisies

In die algemeen is daar twee soorte petisies, naamlik spesiale petisies en openbare of algemene petisies. 'n Spesiale petisie is wanneer 'n individu 'n spesifieke versoek rig of vra vir persoonlike verligting of bystand van die Staat, wat nie by wet gemagtig word nie, soos toegang tot 'n pensioen. 'n Openbare petisie is wanneer 'n groep burgers met soortgelyke belange algemene verligting of bystand of die herstel van 'n grief versoek.



## Formele vereistes vir petisies

### 1. 'n Petisie moet:

- a. in die vorm wees wat deur die Petisieregulasie voorgeskryf word;
- b. in een van die amptelike tale van die Provinsie wees;
- c. deur elke petisionaris geteken word of, indien aldus deur die petisionaris versoek of gemagtig, deur 'n ander persoon namens die petisionaris; en
- d. by die Sekretaris vir die Provinsiale Parlement ingedien word.

### 2. In 'n petisie moet vermeld word:

- a. wat die name en adres van elke petisionaris is;
- b. in wie se belang die petisionaris optree; en
- c. van watter moontlikhede, indien enige, die petisionaris al gebruik gemaak het in 'n poging om die aangeleentheid op te los.

## Prosedure vir die indiening van 'n petisie

1. 'n Petisionaris moet die Aanhangsel A-vorm volledig invul as 'n voorvereiste ten einde sy/haar petisie in te dien.

### 2. 'n Petisie moet:

- a. per geregistreerde pos gestuur word;
- b. aan die Provinsiale Parlement gelewer word deur dit in die aangewese houer te plaas;
- c. per e-pos na die aangewese e-posadres gestuur word; of
- d. ingedien word deur die E-petisie vorm webtuiste van die WKPP te voltooi.

3. Die Aanhangsel A-vorm wat, soos in subregulasie (1) vermeld word, deur die petisionaris ingevul moet word, moet geteken word deur die petisionaris of deur enige ander persoon wat gemagtig word om namens die petisionaris op te tree.

**LET WEL:** Petisionarisse moet toesien dat alle ander moontlikhede ondersoek is om die klagte op te los voordat petisies aan die Provinsiale Parlement voorgelê word.

## AANHANGSEL A

### WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT PETISIEVORM Wes-Kaapse Wet op Petisies, 2006 (Wet 3 van 2006)

#### Besonderhede van petisionaris

Volle name .....

Naam van persoon of groep wat deur die petisionaris verteenwoordig word

Adres .....

Tel (Huis) .....(Werk) .....

(Selfoon) .....(Faks) .....

E-posadres .....

Identiteitsnommer/registrasienommer indien 'n regsenteit

#### Besonderhede van petisie

Daar word van die petisionaris verwag om 'n volledige beskrywing van die redes asook bewyse vir die indiening van die petisie te gee.

Stappe deur die petisionaris gedoen om die aangeleentheid op te los

Die petisionaris word veroek om volledige besonderhede te verstrek van stappe gedoen, uitgesonderd die indiening van hierdie petisie, om die aangeleentheid op te los.

